Posbus 7113, Newtonpark, 6055
Telefoon (041) 3651233
h/v Willetstraat en 4de Laan, Newtonpark, 6045
E-pos: admin@lnpark.co.za /

'n Blink toekoms begin hier!

NUUSBRIEF 6

23 Februarie 2024

UIT DIE KANTOOR

Geagte Ouers

MEDELYE
Ons opregte meegevoel word betuig teenoor Anne Smuts in graad 5SW en Liandi Smuts in graad 1B en hul familie met die heengaan van hul ouma vanoggend. Mag hulle as familie die nabyheid van ons Hemelse Vader in hierdie tyd beleef.

VEILIGHEID VAN MOTORS EN KINDERS
Ons wil 'n ernstige beroep op ouers en persone wat verantwoordelik is vir die op- en aflaai van leerlinge doen om asseblief op die veiligheid van u kind(ers) en motors te let na aanleiding van 'n paar opportunistiese inbrake wat ons gebied die afgelope tyd teister. Seinblokkers of "jammers" blokkeer die sein wat van jou afstandbeheer gestuur word om jou voertuig te sluit. Moenie bloot u voertuig sluit en dan wegloop nie. Toets altyd by die handvatsel of u motor werklik gesluit is en maak seker dat alle waardevolle items nie onbewaak is nie.

Dit is ook onder ons aandag gebring dat van ons skool se leerlinge (soms staande) op die oop laairuim van 'n bakkie by die skool afgehaal word. Neem kennis dat dit volgens wetgewing, regulasie 247 en 250 (National Road Traffic Act, 1996) verbied word.

AFLAAI VAN LEERLINGE SOGGENS
Ons ontvang gereeld klagtes oor die aflaai van leerlinge soggens. Ons wil graag twee voorstelle maak. Eerstens wil ons u aanmoedig om u kind by Hudsonstraat se hek af te laai, want die verkeer daar is baie minder as in Willetstraat waar daar ook speelskole is. Tweedens wil ons alle ouers versoek om die parkeerarea van 07:00 tot 08:00 voor die hoofingang as 'n aflaai- en rysone (engels: drop and go) hanteer. Indien u wil parkeer omdat u iemand moet sien van 07:00 tot 08:00 in die adminblok van die skool, versoek ons u om in 4de laan langs die skool vir die tydperk te parkeer. As ons almal saamwerk sal die aflaai van leerlinge soggens gladder verloop. Baie dankie vir u samewerking.

AFHAAL VAN LEERLINGE NA SKOOL EN BY DIE SPORTVELD
Ons wil alle ouers vriendelik versoek om u kinders betyds by die skool af te haal. Die skool kom tans om 14:15 uit en leerders wat nie aan aktiwiteite by die skool deelneem nie, moet so spoedig moontlik afgehaal word. Ons het tans 'n probleem met kinders wat tussen die nasorgkinders is en

dan elke keer gesoek moet word. Alle kinders wat nie betyds afgehaal word nie, moet vir hul eie veiligheid op die stoep by die graad 1-klasse wag. Die gedeelte is onder kameradekking en ons kan dan enige voorvalle na skool monitor, want daar is nie toesig vir die kinders nie. Indien u nie u kinders betyds kan afhaal nie, moedig ons u aan om u kind in te skryf by plekke wat nasorggeriewe het.

Leerlinge wat nie in die nasorg is nie en sport beoefen op ons sportveld, moet ook so spoedig moontlik na hul oefeninge afgehaal word. Hulle mag nie op die terrein rondspeel nie en moet by die skool se sekuriteitswag, Percy Barnard, vir hul ouers wag.

TOELATING 2025: GRADE R – 7 (BESTAANDE OUERS)
Die personeelvoorsiening van die Laerskool Newtonpark is afhanklik van ons jaarlikse inskrywings. Die skool moet ook jaarliks hierdie statistiek aan die Departement van Onderwys bekend maak.

Ons versoek ons bestaande ouers om ons so spoedig moontlik in kennis te stel indien u ‘n kind vir graad R en 1 in 2025 wil inskryf. Ons wil graag ons huidige ouers voorkeur gee om u ander kind ook by ons in te skryf.

Ons sal dit waardeer indien u ons skool by u familie, vriende en ander bekendes aanbeveel.

BEHEERLIGGAAMVERKIESING
U het **Dinsdag, 13 Februarie 2024,** die kennisgewing van die beheerliggaamverkiesing wat **Donderdag, 7 Maart 2024, van 06:30 tot 16:00 in die skoolsaal plaasvind,** ontvang**. Nominasievorms is reeds by die kantoor beskikbaar.** Vooraf nominasies sluit dan weer **Donderdag 29 Februarie 2024 om 15:00**.

Ons wil alle ouers aanmoedig om dié belangrike verkiesing van 7 Maart 2024 in die skoolsaal by te woon.

KLEREDRAG TYDENS SPORT AKTIWITEITE BY DIE SKOOL
Ons wil graag bevestig dat leerlinge daagliks in hul **formele skooluniform** skool toe kom en hul sportklere (LO-drag) in hul sportsakke moet saambring om na skool vir sportoefening te verklee. Alle sportaktiwiteite wat by die skool beoefen word, **moet in hul formele sportklere (LO-drag) geskied.**

LET WEL: Die leerlinge gaan slegs wanneer hulle LO het, toegelaat word om sportklere skool toe aan te trek.

AFLOSPERSONEEL
Indien daar enige gekwalifiseerde onderwysers is wat beskikbaar is om soms uit te help (darem nie verniet nie) by die skool wanneer personeel siek is of met ‘n kursus is, moet u asseblief u inligting deurgee sodat ons u kan kontak. Laat weet asseblief vir my wat u kwalifikasies is en ook u kontaknommer. By voorbaat dankie vir u bereidwilligheid om ons by te staan.

TENNISBAANSLEUTELS
Indien ouers met hul kinders na ure en op Saterdae wil oefen kan hulle ‘n tennisbaansleutel teen R250 vir die jaar by die skool aankoop. **Indien jy reeds ‘n sleutel het, kan jy vir ‘n bedrag van R200 jou ou sleutel vir ‘n nuwe een by die skool kom omruil.** Daar is sekere reëls wat nagekom moet word indien u ‘n sleutel koop. Ons gaan die slotte op Maandag, 4 Maart 2024, vervang.

ADVERTENSIES WAT UITGEDEEL WORD
U ontvang van tyd tot tyd advertensiemateriaal. Neem asseblief van die volgende kennis:
· die adverteerders het betaal om te mag adverteer;
· die skool beveel nie noodwendig die produk/diens aan nie;
· die skool het nie die produk/diens se kwaliteit ondersoek nie.

Evalueer asseblief alle materiaal versigtig en moet nooit oorhaastig u tot enige diens verbind/vasteken nie. Ek is egter bereid om die ouergemeenskap dienooreenkomstig te waarsku indien 'n adverteerder nie sy beloftes nakom nie. Sulke klagtes moet asseblief skriftelik wees. Gebruik sommer my e-posadres.

VAKANSIENASORG: MAART/APRIL 2024
Die beheerliggaam het daartoe ingestem dat ons 'n opname maak om vas te stel hoeveel ouers 'n daadwerklike behoefte het om tydens die Maart/Aprilvakansie van ons nasorgdiens gebruik te maak. Dit kan slegs aangebied word indien daar ten minste 10 kinders is wat daarvan gebruik wil maak.

Die voorgestelde tydperk is:
1. **Vrydag, 22 Maart 2024 tot Donderdag 28 Maart 2024 (5 dae). (Skole sluit Woensdag, 20 Maart 2024 en heropen Woensdag, 3 April 2024)**
2. U moet asseblief ook onderneem om die nasorgtye nl. 07:15 tot 17:30, stiptelik te eerbiedig.

Die tarief beloop R450, per kind, en R850 vir 2 kinders vir die vyf (5) dae. Die bedrag is vir die volle tydperk, vooruitbetaalbaar.

Daar is beperkte spasie. Sperdatum vir aansoeke is Vrydag, 8 Maart 2024.

EKSTRA WEEKLIKSE KRIEKET-OEFENSESSIES OP MAANDAE
Daar sal Maandagmiddae, gratis ekstra krieket oefensessies vir die 0/11 krieketspelers onder leiding van Mnr. Lance Impey by die sportgronde van **17:00 – 18:00** plaasvind. Indien u belangstel kan u direk met Mnr. Impey op 0825779099 kontak maak.

LAERSKOOL NEWTONPARK FACEBOOKBLAD
Besoek gerus ons skool se amptelike facebookblad, @LaerskoolNewtonpark.co.za, die blad se profielfoto is die skoolwapen. Dis lekker om na foto's te kyk en met ons leerlinge te spog. Bly ook op hoogte met die nuutste gebeure.

SKOOLGELDE 2024
Die volgende wyses van betaling is beskikbaar: **maandelikse debietorder** oor 10 of 11 maande. (Januarie/Februarie – November en is opbetaalbaar voor/op 30 November 2024. 'n Debietorder kan slegs op 'n tjek-/spaar-/transmissierekening ingestel word.) U mag ook die **skoolgelde EFT**. Ons beskik ook oor **'n kaartmasjien** by die skool wat u kan gebruik.

Op die verwysing van die inbetaling moet u asseblief die rekeningnommer en u kind se van en naam verskaf, en u bewys van betaling aan fin@lnpark.co.za e-pos.

Alle graad R-gelde is maandeliks vooruitbetaalbaar en nasorggelde is kwartaalliks streng vooruitbetaalbaar. Geen verligting word ten opsigte van hierdie dienste toegestaan nie, aangesien hierdie aktiwiteite deel van die skool se vrywillige program is.

Die betaling van skoolgelde is ‘n wetlike verpligting (Staatskoerant no. 29311). Indien u in gebreke bly om u skoolgelde te betaal, sal dit wetlik afgedwing word.

KRY KORTING OP SKOOLGELDE
Indien skoolgelde (Graad R – 7) ten volle betaal word voor/op 28 Februarie 2024 sal ‘n 10% korting toegestaan word, en indien ten volle betaal word voor/op 31 Mei 2024 ‘n 5% korting.

ELEKTRONIESE BETALINGS
Op die verwysing van die inbetaling moet u asseblief die rekeningnommer en u kind se van en naam verskaf. U moet ook die bewys van betaling per e-pos aan fin@lnpark.co.za stuur.

REKENINGNAAM	**LAERSKOOL NEWTONPARK**
BANK	**ABSA**
REKENINGNOMMER	**1400490089**
TAKKODE	**632005**

GEDAGTE VIR DIE WEEK



Geniet die naweek saam met jul kinders.

SKOOLHOOF
E-pos: skoolhoof@lnpark.co.za
Tel : 0846935318

ALGEMEEN

BELANGRIKE DATUMS VIR VOLGENDE WEEK:
Die volgende datums moet u asseblief op u kalender aanteken:

Ma – 26 Februarie	:	Klerewinkel : **07:30 tot 12:00** **TOETS :** WISKUNDE graad 7
Di – 27 Februarie	:	Senior koor : **07:25 tot 08:00** **TOETS :** AFRIKAANS graad 7

Tennis: Snr. A seuns teen St. George's A **(w)**
Tennis: Snr. B seuns teen Handhaaf B **(w)**
Tennis: Snr. C seuns teen Greenwood **(w)**
Tennis: Jnr. A teen Jnr. B **(t)**
Krieket : 0/9 A en B teen Charlo **(t)**
Graad R- en 1-Opeaand

Wo – 28 Februarie : Junior koor : **07:30 tot 08:00**
Klerewinkel : **12:00 tot 14:30**
Diskonto boekuitstalling : Saal
TOETS : WISKUNDE graad 4 tot 6
TOETS : TEGNOLOGIE graad 7
Krieket : 0/13A teen Priory A (w)
Krieket : 0/13B teen Excelsior A (t)
Nominasies open vir beheerliggaamverkiesing vir almal

Do – 29 Februarie : Senior koor : **07:25 tot 08:00**
Diskonto boekuitstalling : Saal
TOETS : GESKIEDENIS graad 4 tot 7
Tennis: Snr. A meisies teen Blouwaterbaai **(t)**
Tennis: Snr. B meisies teen VP Grey **(w)**
Krieket : 0/11A teen Priory A **(t)**
Krieket : 0/11B teen Adolph Schauder A **(t)**

Vr – 1 Maart : *** Mnr. Lance Impey verjaar**
Junior koor : **07:30 tot 08:00**
Klerewinkel : **07:30 tot 12:00**
TOETS : ENGELS graad 4 tot 6
TOETS : NW graad 7

SPORT EN KULTUUR

TENNIS

DATUM	SPAN	TEEN	UITSLAE
20 Februarie	Senior A	Charlo	LNP wen Charlo oortuigend
20 Februarie	Senior B	VP Grey	LNP wen met 18 potte
20 Februarie	Senior C	Herbert Hurd	LNP wen met 9 potte
20 Februarie	Junior B	Summerwood	Summerwood wen met 3 potte. Dit was die meisies se eerste wedstryd en hulle het baie mooi gespeel
22 Februarie	Senior A meisies	Collegiate	LNP wen met 14 potte
22 Februarie	Senior C seuns	Sonop	LNP wen met 6 potte

KRIEKET

DATUM	SPAN	TEEN	UITSLAE
19 Februarie	0/13B	Summerwood	Summerwood kolf eerste en teken 29 lopies aan. LNP neem 4 paaltjies. LNP kolf tweede en klop die telling binne 8 boulbeurte en verloor 2 paaltjies. LNP wen met 8 paaltjies. **Speler van die wedstryd:** Billy Daniels.
20 Februarie	0/9A	Herbert Hurd	LNP teken 33 lopies aan en verloor 3 paalltjies Herbert Hurd teken 14 lopies aan en verloor 3 paaltjies LNP wen 11 teenoor 4.2
20 Februarie	0/9B	Herbert Hurd	LNP teken 32 lopies aan en verloor 2 paaltjies Herbert Hurd teken 60 lopies aan en verloor 3 paaltjies. Herbert Hurd wen 20 teenoor 16

SWEM
Mia Strydom in graad 7D het die naweek van 9 tot 11 Februarie aan die Infinity Swimming Academy se jaarlikse gala deelgeneem en in onderstaande items haar persoonlike beste tye behaal en sodoende vir "Level 2-gala" wat in Oudtshoorn op 4 tot 6 April plaasvind, gekwalifiseer:

- 50m vryslag
- 100m vryslag
- 200m vryslag
- 50m rugslag
- 100m rugslag
- 50m vlinderslag
- 200 individuele medley swem

Hartlik geluk, Mia!

AKSIE-NETBAL
Op Saterdag, 10 Februarie was daar weer 'Indoor Netball Social Games' en die volgende meisies het daaraan deelgeneem:

Pro-Natics O/9 (graad 3)
*Gewen: 8-4
Brenay Lee (graad 3S)
Emma Scheepers (graad 3S)
Karli Melville (graad 3G)
Karli van Mosseveld (graad 3S)
Miecke Bester (graad 3G)
Ra-Chelle Bezuidenhout (graad 3S)

Super-Net O/12 (graad 6)
*Gewen: 16-15
Danielle Vermaak (graad 6E)
Kaylee Swanepoel (graad 6W)
Linka van Deventer (graad 6H)
Madison van Niekerk (graad 6E)

Funatics O/12 en O/13 (graad 6 en graad 7)
*Gewen: 14-13
Keelyn Nortje (graad 7O)
Lisa Scheepers (graad 6H)
Lisa Swanepoel (graad 6E)
Lisa Scheepers is ook as die speler van die wedstryd aangewys.
Baie geluk, meisies!

KARATE
Annique du Toit in graad 5S het Saterdag, 17 Februarie aan die WUKF East Cape Open Competition (Karate) deelgeneem en goud vir Kata behaal. Baie geluk, Annique!

SKAAK
'n Paar van ons leerlinge het op 17 Februarie aan die "Valentine and Summer" skaaktoernooi by Laerskool Mount Pleasant deelgeneem en soos volg presteer:

- Kaitlin Botha (graad 7D) : Goue medalje
- Ethan Koen (graad 7O) : Goue medalje (3de plek algeheel)
- Isabella Mitchell (graad 4D) : Brons medalje

Baie geluk, julle!

THE HERALD CYCLE TOUR – KIDDIES RIDE
McKenzie Pio in graad 2D het verlede naweek aan die Herald Cycle Tour se 2km Kiddies Ride deelgeneem en 'n medalje ontvang. Baie geluk, McKenzie!